# 27 September 2023 - Lesing 138 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die einde kom onverwags – 28/5/60

**NO: 7609** 'n **Ongewone ingryping** van God sal plaasvind wanneer die tyd aangebreek het. Dit word steeds weer vir julle aangekondig, maar julle twyfel, omdat die tyd vir julle te lank lyk wat Ek vir julle nog as termyn toelaat. Maar julle dink nie daaraan dat die tyd vir My anders geld nie, dat 'n kort verlenging van die tyd dus geen rol speel teen die agtergrond van die reusagtigheid van My ingryping, teen die agtergrond van die enorme groot vernietigingswerk wat beide die ingryping asook die naderende einde vir die hele mensdom beteken nie.

Julle vergeet dat dit nog maar 'n kort tydjie van genade is wat julle toegestaan is, maar dat ook die langste tyd eens ten einde loop en julle daarom elke dag daarop sal kan staatmaak dat My aankondigings in vervulling sal gaan. En so moet julle ook julle lewe aanskou, **steeds met die lewende gedagte dat elke dag vir julle die laaste kan wees**.

Eendag, as julle nie meer in die vlees op hierdie aarde vertoef nie, sal julle insien hoe kort die hele tyd van julle aardse lewe gewees het. Dan sal julle ook die dringendheid van My aanmanings en waarskuwings verstaan. Want dan eers sal julle insien dat julle begrip van tyd op aarde anders was as in die geesteryk.

Maar julle moet dit al op aarde leer besef en daarom aan My aanmaninge en waarskuwings vashou. Julle moet nie twyfel nie, al lyk die tyd vir julle ook lank voor My ingryping gaan plaasvind. **Dit sal julle tog verras en die mense in baie groot nood bring**, wat nog nie so met My verbonde is dat hulle in hul nood outomaties na My sal vlug nie. Die dag sal onverwags kom, soos alle groot natuurkatastrofes van dieselfde soort, wat julle mense nie sal kan verhinder of vooraf kan bereken nie. Maar dit kom onherroeplik.

Dit herhaal Ek steeds weer met klem, omdat dit nodig is dat julle jul daarop voorberei, dat julle julle geloof en julle lewenswandel lei, **met inagneming van die natuurgebeure.** Want niemand van julle weet of julle tot die oorlewendes behoort nie. **Niemand van julle weet waar die gebeure sal plaasvind en watter lande daardeur getref sal word nie.**

Julle almal sal rekening daarmee moet hou en My dank as dit by julle verbygaan. Want dan het julle nog werke om te doen, om by hulle wat ongelukkig getref is jul **dienste van liefde** te verrig en hulle die weg na My te wys, sodat Ek hulle kan troos en opbeur, sodat Ek hulle kan wegvoer uit alle nood. Want vir My is waarlik niks onmoontlik nie en **die innigheid van 'n gebed** kan baie leed en nood afwend, waar dit ookal is.

**<u>En daarom kom Ek weer in die Woord na julle toe</u>**, sodat julle al voor die tyd kan krag bymekaar maak om alles kalm tegemoet te kan gaan, wat julle ookal sal oorkom.

En weer sê Ek vir julle: **Maak seker dat julle aan Myne behoort** wat te alle tye beskerming by My sal vind, wat Ek steeds sal versterk en **aan wie Ek ongewone krag sal gee** om vir My en My Naam werksaam te wees.

Want dan is die einde ook nie meer ver nie. En vir hierdie einde moet julle almal voorberei en dan leer om des te vaster te glo wat julle **deur My Woord** verkondig word. Want alles sal vervul word as die tyd aangebreek het. Amein.